- (3) An authorised official must, when entering the building or land, on demand, produce a valid appointment certificate issued to him or her by the municipality.

**6. Declaration of problem premises**

- (1) An authorised official, who has reasonable grounds to believe that a building or land falls within the definition of problem premises-
- (a) may carry out an investigation of such building or land in order to make an informed decision on the status thereof;
  - (b) may subject to sub paragraphs (c), and (d), declare such building or land as problem premises.
  - (c) must, before such declaration, inform the owner in writing of his or her intention to do so; and
  - (d) must give the owner reasonable time to make representations.
- (2) If an owner fails to respond to or make any representation with regard to a notice of intention issued in terms of sub section (1)(c) within the stipulated period, the authorised official may proceed with the declaration of the building or land as problem premises.
- (3) The owner shall, upon a declaration in terms of sub section 1(b), have a right of appeal in terms of section 62 of the Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000).

**7. Compliance notice**

- (1) Subject to the provisions of section 6(1) and (2), an authorised official may serve a written notice on the owner of any building or land which has been declared as problem premises, requiring such owner within a specified period to -
- (a) clean, repair, renovate, repaint, alter, close, demolish or secure such building or land;
  - (b) complete a building or any structure of such building;
  - (c) enclose, secure, fence or barricade such building or land;
  - (d) instruct, at the cost of such owner, an architect or other competent person as contemplated in Part A 19 of the NBR, to investigate such building and to report to the authorised official on the nature and extent of the steps to be taken to render such building safe or to rectify the deficiency which caused the building to be declared as problem premises;
  - (e) dispose of, destroy or remove any waste, material or article accumulated, dumped, stored or deposited in or at the building or land, and which is unsightly or is likely to constitute an obstruction or nuisance; or
  - (f) comply with any provision of this by-law.
- (2) The municipality may, if an owner fails to comply with a notice served on him or her in terms of subsection (1), take any of the steps contemplated in sub section (1) (a) to (e), and where necessary, approach a competent court for an order authorising the municipality to take such steps or any other steps it may deem necessary, at the cost of the owner; provided that no building may be demolished by the municipality without an appropriate court order to do so.

- (3) If the condition of any building is such that it poses a danger to life or property, and the authorised official has reason to believe that immediate steps are necessary to protect life or property, he or she may take any steps regarded necessary under the circumstances to prevent the danger to life or the property without serving a notice contemplated in subsection (1).
- 8. Recovery of cost**  
The municipality may, if the owner fails to pay the cost contemplated in section 7(2), or if costs have been incurred for any steps taken in terms of subsection 7(3), recover the cost in terms of the Customer Care, Credit Control, Debt Collection and Indigent Support By-law which includes the right of attachment and sale in execution of the building.
- 9. Vacation of buildings**
- (1) If an authorised official deems it necessary for the safety of any person, he or she may by notice in writing, order the owner of a building which has been declared as problem premises to remove, within the period specified in such notice, any person who, for whatever purpose is in such building, and to take care that no person who is not authorised by the municipality enters such building.
- (2) Where an owner fails to comply with a notice in terms of section (1), the municipality may approach a competent court for an order to compel the owner to remove such person or persons or any other form of relief the court may find appropriate.
- 10. Other applicable by-laws**  
Nothing in this by-law prevents the municipality to act in terms of any of it's by-laws relating to-
- (a) fire safety;
  - (b) public nuisances;
  - (c) electricity supply;
  - (d) water and sanitation services;
  - (e) waste management; or
  - (f) land use planning management.
- 11. Service of a notice**
- (1) Any notice or other document that is served on a person in terms of this by-law is regarded as having been duly served –
- (a) when it has been delivered to that person personally;
  - (b) when it has been left at that person's place of residence or business in the Republic with a person apparently over the age of 16 years;
  - (c) when it has been posted by registered or certified mail to that person's last known residential or business address in the Republic, and an acknowledgment of the posting thereof from the postal service is obtained;
  - (d) if that person's address in the Republic is unknown, when it has been served on that person's agent or representative in the Republic in the manner provided by paragraphs (a), (b) or (c);
  - (e) if that person's address and agent or representative in the Republic is unknown, when it has been displayed in a conspicuous place on the premises to which it relates;

- (f) in the event of a body corporate, when it has been delivered at the registered office of the business premises of the body corporate; or
  - (g) when it has been delivered, at the request of that person, to his or her e-mail address.
- (2) When a compliance notice as aforesaid is required to be served on a person by reason of his or her being or having been the owner or holding some other right in respect of immovable property, it shall not be necessary to name him or her, and it shall be sufficient if he or she is therein described as the owner or holder of such immovable property or other right, as the case may be.

#### **12. Restriction of liability**

No authorised official shall be liable in respect of anything done in good faith in the exercise of a power or the performance of a duty conferred or imposed in terms of this by-law.

#### **13. Exemption**

- (1) Any person may by means of a written application, in which the reasons are given in full, apply to the municipality for exemption from any provision of this by-law.
- (2) The municipality may –
- (a) grant an exemption in writing and the conditions in terms of which, if any, and the period for which such exemption is granted must be stipulated therein;
  - (b) alter or cancel any condition in an exemption; provided that the municipality must give reasonable notice of such intention and give the applicant reasonable time to make representations; or
  - (c) refuse to grant an exemption in which case the applicant must be informed of the reasons for such refusal.
- (3) In order to consider an application in terms of subsection (1), the municipality may obtain the input or comments of the owners or occupants of surrounding premises.
- (4) An exemption does not take effect before the applicant has undertaken in writing to comply with all conditions imposed by the municipality under subsection (2), however, if an activity is commenced before such undertaking has been submitted to the municipality, the exemption lapses.
- (5) If any condition of an exemption is not complied with, the municipality may withdraw or cancel such exemption; provided that the municipality must give reasonable notice of such intention and give the applicant reasonable time to make representations.

#### **14. Appeal**

A person whose rights are affected by a delegated decision of the municipality in terms of delegated authority may appeal against that decision by giving written notice of the appeal and the reasons therefore in terms of section 62 of the Municipal Systems Act, (Act 32 of 2000) to the municipal manager within 21 days of the date of the notification of the decision.

**15. Offences and penalties**

- (1) A person commits an offence if he or she -
- (a) threatens, resists, hinders or obstructs, or uses foul, abusive or insulting language towards or at an authorised official in the exercise of his or her powers or execution of his or her duties;
  - (b) falsely pretends to be an official;
  - (c) furnishes false or misleading information when requested to do so by an authorised official;
  - (d) fails to comply with a request of an authorised official; or
  - (e) fails to comply with a notice in terms of sections 7 or 9, or any condition imposed by the municipality when considering an application for exemption as contemplated in section 12(2).
- (2) Failure to comply with a notice, direction or condition referred to in this by-law constitutes a continuing offence.
- (3) A person who contravenes any of the provisions of sub section (1) commits an offence and shall on conviction be liable to-
- (a) a fine or imprisonment, or either such fine or imprisonment or to both such fine and such imprisonment; and
  - (b) in the case of a continuing offence, to an additional fine or an additional period of imprisonment or to such additional imprisonment without the option of a fine or to both such additional fine and imprisonment for each day on which such offence is continued; and
  - (c) a further amount equal to any costs and expenses found by the court to have been incurred by the municipality as result of such contravention or failure.

**16. Repeal of by-laws**

The Problem Building By-law promulgated by the Drakenstein Municipality in Provincial Gazette No. 7067 dated 7 December 2012, is hereby repealed as a whole.

**17. Short title**

This by-law shall be known as the Drakenstein Municipality: Problem Premises By-law: 2020 and shall come into operation on the date of publication thereof in the Provincial Gazette.

**DR J H LEIBBRANDT**  
**CITY MANAGER**  
**Prov Gazette – 12/03/2020**



**DRAKENSTEIN MUNISIPALITEIT**  
**VERORDENING INSAKE PROBLEEMPERSELE: 2020**

Ingevolge die bepalings van artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, verorden Drakenstein Munisipaliteit soos volg:-

**INHOUDSOPGAWE**

1. Definisies
2. Doel van verordening en toepassing
3. Aanstelling van gemagtigde beamptes
4. Delegasie
5. Toegang tot grond en geboue deur gemagtigde beampte
6. Verklaring van probleemperseel
7. Voldoeningskennisgewing
8. Verhaling van koste
9. Ontruiming van geboue
10. Ander toepaslike verordeninge
11. Betekening van kennisgewing
12. Beperking van aanspreeklikheid
13. Vrystelling
14. Appèl
15. Oortredings en straf
16. Herroeping van verordening
17. Kort titel en inwerkingtrede

**1. Definisies**

In hierdie verordening geniet die Engelse teks voorrang in die geval van 'n teenstrydigheid tussen die verskillende tekste, en tensy dit uit die samehang anders blyk, het die volgende woorde die volgende betekenis:

“**eienaar**” ten opsigte van 'n gebou of grond die persoon op wie se naam die grond waarop sodanige gebou opgerig is of word, na gelang van die geval, by die betrokke aktekantoor geregistreer is, met inbegrip van 'n persoon wat in beheer van sodanige gebou is of die okkupeerder, met dien verstande dat -

- (a) as sodanige persoon, in die geval van 'n natuurlike persoon, oorlede is of deur enige hof as verkwister of onbevoeg verklaar is om sy of haar eie sake te bestuur, of 'n pasiënt is soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Geestesgesondheid, Wet 17 van 2002, of as sy of haar boedel gesekwestreer is, die betrokke eksekuteur of kurator, na gelang van die geval;
- (b) as sodanige persoon, in die geval van 'n regspersoon, gelikwieder of onder geregtelike bestuur geplaas is, die betrokke likwidateur of geregtelike bestuurder, na gelang van die geval;
- (c) as sodanige persoon nie in die Republiek is nie of sy of haar verblyfplek onbekend is, enige persoon wat as agent of andersins die bestuur, instandhouding en invordering van huurgeld of ander gelde ten opsigte van sodanige gebou onderneem of wat daarvoor verantwoordelik is;
- (d) as die verband ten gunste van 'n finansiële instelling geregistreer is, die betrokke finansiële instelling;

- (e) as, in die geval van 'n deeltitelskema, 'n deeltiteleenheid in die naam van 'n persoon geregistreer is, die betrokke persoon;
- (f) in die geval van 'n deeltitelskema, 'n regs persoon wat vir die beheer, administrasie en bestuur van die gemeenskaplike eiendom verantwoordelik is; of
- (g) as die munisipaliteit nie die identiteit van die betrokke persoon kan bepaal nie, enige persoon wat op die voordeel van die gebruik van sodanige gebou geregtig is en wat sodanige voordeel benut;

**“gebou”** sluit in-

- (a) enige struktuur, hetsy van 'n tydelike of permanente aard, en ongeag die materiaal wat vir die oprigting daarvan gebruik is, wat opgerig is of gebruik word vir, of verband hou met-
  - (i) die akkommodasie of gerief van mense of diere;
  - (ii) die vervaardiging, verwerking, berging, vertoon of verkoop van enige goedere;
  - (iii) die lewering van enige diens;
  - (iv) die vernietiging of behandeling van vullis of ander afvalstowwe;
  - (v) die verbouing of kweek van enige plant of gewas;
- (b) enige muur, heining of deel van 'n gebou, met inbegrip van 'n gebou soos omskryf in paragraaf (a); of
- (c) 'n eenheid soos omskryf in die Deeltitelwet, Wet 95 van 1986;

**“gemagtigde beampte”** enige werknemer of werknemers van die munisipaliteit wat gemagtig is om enige of spesifieke bepalings van hierdie verordening te implementeer en toe te pas;

**“munisipaliteit”** die Drakenstein Munisipaliteit wat gestig is ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998, en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsbekleeder, raadslid, behoorlik gevolmagtigde agent daarvan of enige werknemer daarvan handelende ingevolge hierdie verordening uit hoofde van 'n bevoegdheid van die munisipaliteit wat gedelegeer of gesubdelegeer is aan sodanige politieke struktuur, politieke ampsbekleeder, raadslid, agent of werknemer;

**“Nasionale Bouregulasies”** regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, Wet 103 van 1977, hierna genoem die **NBR**;

**“okkupeerder”** enige persoon wat 'n perseel okkupeer of beheer daaroor het;

**“probleempersel”**

- (a) enige gebou of grond wat deur die eienaar verlaat is of klaarblyklik verlaat is met of sonder die gevolg dat belasting of ander diensteheffings nie betaal word nie;
- (b) enige gebou of grond wat verlate voorkom, oorbewoon word of tekens toon dat dit 'n gesondheidsgevaar vir persone inhou, onooglik of aanstootlik is;
- (c) enige gebou of grond waarvoor klagtes van die publiek ontvang is, met inbegrip van klagtes oor kriminele aktiwiteit wat in of op sodanige gebou of grond plaasvind;
- (d) gebou of grond wat onwettig bewoon word;
- (e) gebou of grond waar vullis of afvalstowwe opgehoop, gestort, geberg of agtergelaat is;
- (f) enige gebou wat deels voltooi of struktureel swak is, en wat tekens toon van enige risiko bedoel in paragraaf (a) tot (e); of
- (g) vakante of onbewoonde grond;

“Raad” die munisipale raad van Drakenstein Munisipaliteit;

“stadsbestuurder” die persoon wat ingevolge artikel 56A van die Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet 32 van 2000), deur die Raad aangestel is as munisipale bestuurder vir Drakenstein Munisipaliteit, of sy of haar afgevaardigde;

“Wet” die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977).

## 2. Doel van verordening en toepassing

- (1) Hierdie verordening is bykomend tot die Wet en die NBR en het ten doel om die behoorlike versorging en instandhouding van geboue en persele te verseker en sodoende uitvoering te gee aan die bepalings van artikel 12 van die Wet.
- (2) Hierdie verordening doen nie afbreuk aan die bepalings van die Wet en die NBR nie.
- (3) Hierdie verordening is van toepassing op alle probleempersele binne die regsgebied van die munisipaliteit soos omskryf in artikel 1.
- (4) Tydens die implementering van hierdie verordening mag die munisipaliteit die realiteite van die Drakenstein-gebied, verskillende gebruike, kulture, omstandighede, geografiese areas, tipes persele, vlakke van ontwikkeling en konvensies in ag neem, en mag die munisipaliteit gebiede identifiseer waarin die verordening toegepas sal word.

## 3. Aanstelling van gemagtigde beamptes

Die stadsbestuurder mag beamptes aanstel om enige of spesifieke bepalings van hierdie verordening te implementeer en af te dwing.

## 4. Delegasie

Die stadsbestuurder mag al die bevoegdhede, pligte en funksies wat deur hierdie verordening aan die munisipaliteit verleen word, uitoefen en mag al of enige sodanige bevoegdhede, pligte en funksies aan beamptes van die munisipaliteit delegeer.

## 5. Toegang tot grond en geboue deur gemagtigde beamptes

- (1) 'n Gemagtigde beampte mag enige gebou of grond op enige redelike tyd betree met die doel om-
  - (a) die gebou of grond te inspekteer of om te bepaal of dit aan die bepalings van hierdie verordening voldoen; of
  - (b) 'n voldoeningkennisgewing soos bedoel in artikel 7 aan die eienaar van die gebou of grond te beteken.
- (2) Niemand mag 'n gemagtigde beampte in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede ingevolge die verordening hinder of dwarsboom nie.
- (3) 'n Gemagtigde beampte moet by betreding van 'n gebou of grond 'n geldige aanstellingsertifikaat, deur die munisipaliteit aan hom of haar uitgereik, op versoek toon.

**6. Verklaring van probleemperseel**

- (1) 'n Gemagtigde beampte wat op redelike gronde glo dat 'n gebou of grond voldoen aan die definisie van 'n probleemperseel-
  - (a) mag 'n ondersoek uitvoer by enige gebou of grond om 'n ingeligte besluit te neem oor die status daarvan;
  - (b) mag onderhewig aan die bepalings van subparagraaf (c) en (d), sodanige gebou of grond tot probleemperseel verklaar;
  - (c) moet, voor sodanige verklaring, die eienaar skriftelik in kennis stel van sy of haar voorneme om dit te doen; en
  - (d) die eienaar redelike tyd gun om verhoë te rig.
- (2) Indien 'n eienaar versuim om te voldoen of versuim om binne die voorgeskrewe tydperk te reageer op 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1)(c), mag die gemagtigde beampte voortgaan om die gebou of grond tot probleemperseel te verklaar.
- (3) Die eienaar het, ten opsigte van 'n verklaring wat ingevolge subartikel (1)(b) gedoen is, 'n reg van appèl ingevolge artikel 62 van die Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet 32 van 2000).

**7. Voldoeningskennisgewing**

- (1) Onderworpe aan die bepalings van artikel 6(1) en (2) mag 'n gemagtigde beampte 'n skriftelike kennisgewing beteken aan die eienaar van enige gebou of grond wat tot probleemperseel verklaar is, welke kennisgewing van sodanige eienaar mag vereis om binne 'n voorgeskrewe tydperk-
  - (a) sodanige gebou of grond skoon te maak, te herstel, op te knap, te verf, te verander, te sluit, te sloop of te beveilig;
  - (b) die gebou of enige struktuur van sodanige gebou te voltooi;
  - (c) sodanige gebou of grond af te kamp, te beveilig, te omhein of af te sper;
  - (d) 'n argitek of ander bevoegde persoon soos bedoel in Deel A 19 van die NBR op eie koste aan te stel om sodanige gebou te ondersoek en om aan die gemagtigde beampte verslag te doen oor die aard en omvang van die stappe wat gedoen moet word om die gebou te beveilig of om die tekortkominge wat tot die verklaring van die gebou tot probleemperseel gelei het, reg te stel;
  - (e) enige vullis, materiaal of artikels wat onooglik is of wat waarskynlik 'n obstruksie kan veroorsaak of 'n oorlas kan wees, wat in of by die gebou of grond opgehoop, gestort, geberg of agtergelaat is, weg te doen, te verwyder of te vernietig; of
  - (f) aan enige bepaling van hierdie verordening te voldoen.
- (2) Die munisipaliteit mag, ingeval sodanige eienaar versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing wat ingevolge subartikel (1) aan hom of haar beteken is, enige van die stappe genoem in subartikel (1)(a) tot (e) neem, en waar nodig, 'n bevoegde hof nader vir 'n bevel om die munisipaliteit te magtig om sodanige stappe, of enige ander stappe wat nodig mag wees, op koste van die eienaar te neem, met dien verstande dat 'n gebou nie deur die munisipaliteit gesloop mag word sonder 'n toepaslike hofbevel nie.

- (3) Waar die toestand van die gebou sodanig is dat dit lewensgevaarlik is of eiendom bedreig, en die gemagtigde beampte rede het om te glo dat stappe onverwyld geneem moet word om lewens of eiendom te beskerm, mag hy of sy enige stappe neem wat onder die omstandighede nodig geag word om gevaar vir lewens en eiendom te verhoed sonder om 'n kennisgewing bedoel in subartikel (1) aan die eienaar te beteken.

#### **8. Verhaling van koste**

Waar 'n eienaar versuim om die koste soos bedoel in artikel 7(2) te betaal, of waar koste aangegaan is in die uitvoering van stappe ingevolge subartikel 7(3), kan die munisipaliteit sodanige koste verhaal ingevolge die Verordening insake Kliëntesorg, Kredietbeheer, Skuldinvordering en Deernisondersteuning, wat die reg insluit op beslaglegging en die verkoop van die gebou in eksekusie.

#### **9. Ontruiming van geboue**

- (1) As die gemagtigde beampte dit vir die veiligheid van enige persoon nodig ag, mag hy of sy deur middel van skriftelike kennisgewing die eienaar van enige gebou wat tot probleemperseel verklaar is, gelas om binne die tydperk wat in sodanige kennisgewing gespesifiseer word enige persoon wat om welke rede ook al in sodanige geboue is, te verwyder en om te sorg dat geen persoon wat nie deur die munisipaliteit gemagtig is, sodanige gebou betree nie.
- (2) Waar 'n eienaar versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing ingevolge artikel (1), mag die munisipaliteit 'n bevoegde hof nader om 'n bevel wat die eienaar gelas om sodanige persoon of persone te verwyder of enige ander bevel wat die hof mag goeddink.

#### **10. Ander toepaslike verordeninge**

Niks in hierdie verordening verhoed die munisipaliteit om op te tree ingevolge enige van sy verordeninge met betrekking tot-

- (a) brandveiligheid;
- (b) openbare oorlaste;
- (c) elektrisiteitsvoorsiening;
- (d) water- en sanitasiedienste;
- (e) afvalbestuur; of
- (f) grondgebruiksbeplanningbestuur.

#### **11. Betekening van kennisgewing**

- (1) Enige kennisgewing of dokument wat ingevolge hierdie verordening uitgereik is, sal as voldoende aan sodanige persoon beteken geag word indien-
- (a) dit persoonlik aan hom of haar beteken is;
  - (b) dit by sy of haar verblyfplek of plek van besigheid in die Republiek by 'n persoon gelaat is wat klaarblyklik ouer as 16 jaar is;
  - (c) dit per geregistreerde of aangetekende pos na sy of haar laaste bekende woon- of sakeadres in die Republiek ge-pos is en bewys van die pos daarvan gelewer kan word;

- (d) dit, ingeval sy of haar adres in die Republiek onbekend is, aan sy of haar agent of verteenwoordiger in die Republiek beteken is op die wyse bedoel in paragraaf (a),
  - (b) of (c);
  - (e) dit, ingeval die adres van die persoon of sy of haar agent of verteenwoordiger in die Republiek onbekend is, op 'n opsigtelike plek aangebring is op die perseel waarop dit betrekking het;
  - (f) in die geval van 'n regs persoon, wanneer dit afgelewer is by die geregistreerde kantoor van die besigheidperseel van die regs persoon; of
  - (g) dit op versoek van 'n persoon per e-pos aan hom of haar gelewer word.
- (2) Wanneer bogenoemde voldoeningkennisgewing vereis word om aan 'n persoon beteken te word uit hoofde daarvan dat hy of sy die eienaar van vaste eiendom is of was of enige ander reg ten opsigte daarvan het, is dit nie nodig om hom of haar te noem nie, en is dit voldoende as hy of sy daarin as die eienaar van sodanige vaste eiendom of houër van sodanige ander reg beskryf word, na gelang van die geval.

#### 12. Beperking van aanspreeklikheid

Geen gemagtigde beampte sal aanspreeklik wees vir enigiets wat te goeder trou gedoen is in die uitvoering van 'n bevoegdheid of die uitoefening van 'n plig ingevolge hierdie verordening nie.

#### 13. Vrystelling

- (1) 'n Persoon mag by wyse van 'n skriftelike aansoek, waarin die redes volledig gegee word, by die munisipaliteit aansoek doen om vrystelling van enige bepaling van hierdie verordening.
- (2) Die munisipaliteit mag –
  - (a) 'n vrystelling skriftelik toestaan en die voorwaardes ingevolge waarvan, indien enige, en die periode waarvoor sodanige vrystelling toegestaan is, moet daarin gemeld word;
  - (b) enige vrystelling of voorwaarde in 'n vrystelling wysig of kanselleer; met dien verstande dat die munisipaliteit redelike kennisgewing van sodanige voorneme gee en redelike tyd aan die applikant gegee word om verhoë te rig; of
  - (c) weier om 'n vrystelling toe te staan, in welke geval redes vir sodanige weiering aan die applikant verstrekkend moet word.
- (3) Ten einde 'n aansoek ingevolge subartikel (1) te oorweeg, mag die munisipaliteit die insette of kommentaar van eienaars of okkupeerders van aangrensende persele verkry.
- (4) 'n Vrystelling tree nie in werking voordat die aansoeker skriftelik onderneem het om aan al die voorwaardes deur die munisipaliteit opgelê ingevolge subartikel (2) te voldoen nie, met dien verstande dat die vrystelling verval indien 'n aktiwiteit 'n aanvang neem voordat sodanige onderneming aan die munisipaliteit voorgelê is.
- (5) Indien enige voorwaarde van 'n vrystelling nie nagekom word nie, mag die munisipaliteit die vrystelling terugtrek of kanselleer, met dien verstande dat die munisipaliteit redelike kennisgewing van sodanige voorneme aan die applikant moet gee en die applikant redelike tyd gegee moet word om verhoë te rig.

**14. Appél**

'n Persoon wie se regte deur 'n gedelegeerde besluit van die munisipaliteit geraak word, mag ingevolge artikel 62 van die Munisipale Stelselwet 2000 (Wet 32 van 2000), teen sodanige besluit appelleer deur binne 21 dae vanaf die datum van bekendmaking van die besluit aan die munisipale bestuurder skriftelik kennis te gee van die appél en die redes daarvoor te verstrek.

**15. Oortredings en straf**

- (1) 'n Persoon pleeg 'n misdryf indien hy of sy-
  - (a) 'n gemagtigde beampte hinder in die uitvoering van sy of haar pligte, of dreig, weerstand bied of beledigende taal teenoor hom of haar gebruik;
  - (b) wederregtelik voorgee om 'n amptenaar te wees;
  - (c) misleidende of vals inligting verstrek indien deur 'n gemagtigde beampte versoek;
  - (d) versuim om te voldoen aan 'n versoek deur 'n gemagtigde beampte; of
  - (e) versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing ingevolge artikel 7 of 9, of aan enige voorwaarde opgelê tydens die oorweging van 'n aansoek om vrystelling soos bedoel in artikel 12(2).
- (2) Versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing, voorskrif of 'n voorwaarde ingevolge hierdie verordening, maak 'n voortgesette misdryf uit.
- (3) 'n Persoon wat enige bepaling van subartikel (1) oortree, pleeg 'n misdryf en kan by skuldigbevinding –
  - (a) 'n boete of gevangenisstraf opgelê word, of beide sodanige boete of gevangenisstraf, of sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf; en
  - (b) in die geval van 'n voortgesette misdryf, 'n bykomende boete of 'n bykomende tydperk van gevangenisstraf of sodanige bykomende gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete of sodanige bykomende boete sowel as gevangenisstraf vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur; en
  - (c) 'n verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat die hof bevind deur die munisipaliteit aangegaan is weens sodanige oortreding of versuim.

**16. Herroeping van verordening**

Die Verordening insake Probleemgeboue afgekondig deur Drakenstein Munisipaliteit in Provinsiale Koerant No. 7067, gedateer 7 Desember 2012, word hiermee in geheel herroep.

**17. Kort titel**

Hierdie verordening staan bekend as Drakenstein Munisipaliteit: Verordening insake Probleempersale: 2020 en tree in werking by publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.

**DR J H LEIBBRANDT**  
**STADSBESTUURDER**  
**Prov Gazette – 13/03/2020**

## WESTERN CAPE GAMBLING AND RACING BOARD

## OFFICIAL NOTICE

## RECEIPT OF APPLICATIONS FOR SITE LICENCES

In terms of the provisions of Section 32(2) of the Western Cape Gambling and Racing Act, 1996 (Act 4 of 1996), as amended, the Western Cape Gambling and Racing Board ("the Board") hereby gives notice that applications for site licences, as listed below, have been received. A site licence will authorise the licence holder to place a maximum of five limited pay-out machines in approved sites outside of casinos for play by the public.

## DETAILS OF APPLICANTS

1. **Name of business:** **Anton Stanley (Sole Proprietor)  
t/a Dorp Toe pub & restaurant**  
  
**At the following site:** 47 Long Street, Moorreesburg, 7310  
  
**Erf number:** Remainder Erf 503, Moorreesburg  
  
**Persons having a financial interest of 5%  
or more in the business:** Anton Stanley – 100% Owner
  
2. **Name of business:** **Langverwacht Inn (Pty) Ltd, (2019/417286/07)  
t/a Koekie se Hoekie**  
  
**At the following site:** 1 Langverwacht Road, Kuilsriver, 7580  
  
**Erf number:** Erf 1512, Kuilsriver  
  
**Persons having a financial interest of 5%  
or more in the business:** Cornelia Getruida Van Zyl – Director & 100% Shareholder
  
3. **Name of business:** **West Coast on Main (Pty) Ltd, 2017/371233/07  
t/a Gallo's Portuguese Taverna (Paarl)**  
  
**At the following site:** 377 Main Road, Paarl, 7620  
  
**Erf number:** Erf 1186, Paarl  
  
**Persons having a financial interest of 5%  
or more in the business:** Daniel Paulo De Almeida – Director and 100% Shareholder

## WRITTEN COMMENTS AND OBJECTIONS

Section 33 of the Western Cape Gambling and Racing Act, 1996 (hereinafter "the Act") requires the Western Cape Gambling and Racing Board (hereinafter "the Board") to ask the public to submit comments and/or objections to gambling licence applications that are filed with the Board. The conduct of gambling operations is regulated in terms of both the Act and the National Gambling Act, 2004. This notice serves to notify members of the public that they may lodge objections and/ or comments to the above application on or before the closing date at the below-mentioned address and contacts. Since licensed gambling constitutes a legitimate business operation, moral objections for or against gambling will not be considered by the Board. An objection that merely states that one is opposed to gambling without much substantiation will not be viewed with much favour. You are hereby encouraged to read the Act and learn more about the Board's powers and the matters pursuant to which objections may be lodged. These are outlined in Sections 28, 30, 31 and 35 of the Act. Members of the public can obtain a copy of the objections guidelines, which is an explanatory guide through the legal framework governing the lodgment of objections and the Board's adjudication procedures. The objections guidelines are accessible from the Board's website at [www.wcgrb.co.za](http://www.wcgrb.co.za) and copies can also be made available on request. The Board will consider all comments and objections lodged on or before the closing date during the adjudication of the application. In the case of written objections to an application, the grounds on which such objections are founded, must be furnished.

Where comment in respect of application is furnished, full particulars and facts to substantiate such comment must be provided. The name, address and telephone number of the person submitting the objection or offering the comment must also be provided. Comments or objections must reach the Board by no later than **16:00 on Friday, 3 April 2020**.

in terms of Regulation 24(2) of the National Gambling Regulations, the Board will schedule a public hearing in respect of an application **only if it receives written objections relating to:**

- (a) **the probity or suitability for licensing of any of the persons to be involved in the operation of the relevant business, or**
- (b) **the suitability of the proposed site for the conduct of gambling operations.**

If a public hearing is scheduled, the date of such hearing will be advertised in this publication approximately 14 days prior to the date thereof.

**Objections or comments must be forwarded to the Chief Executive Officer, Western Cape Gambling and Racing Board, P.O. Box 8175, Roggebaai 8012 or handed to the Chief Executive Officer, Western Cape Gambling and Racing Board, 100 Fairway Close, Parow 7500 or faxed to the Chief Executive Officer on 021 422 2603, or emailed to [Objections.Licensing@wcgrb.co.za](mailto:Objections.Licensing@wcgrb.co.za)**



## WES-KAAPSE RAAD OP DOBBELARY EN WEDRENNE

## AMPTELIKE KENNISGEWING

## ONTVANGS VAN AANSOEKE VIR PERSEELLISENSIES

Ingevolge die bepalings van Artikel 32(2) van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996 (Wet 4 van 1996), soos gewysig, gee die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne ("die Raad") hiermee kennis dat aansoek vir perseellisensies, soos hieronder gelys, ontvang is. 'n Perseellisensie sal die lisensiehouer magtig om 'n maksimum van vyf beperkte uitbetalingsmasjiene in goedgekeurde persele buite die casino's te plaas om deur die publiek gespeel te word.

## BESONDERHEDE VAN AANSOEKERS

- |  |  |
|--|--|
| <b>1. Naam van besigheid:</b>  | <b>Anton Stanley (Alleeneienaar)</b>                       |
|  | <b>h/a Dorp Toe pub &amp; restaurant</b>                   |
| <b>By die volgende perseel:</b>  | Langstraat 47, Moorreesburg, 7310                          |
| <b>Erfnommer:</b>  | Restant Erf 503, Moorreesburg                              |
| <b>Persone met 'n finansiële belang van 5% of meer in die besigheid:</b> | Anton Stanley – 100% Eienaar                               |
| <b>2. Naam van besigheid:</b>  | <b>Langverwacht Inn (Edms) Bpk, (2019/417286/07)</b>       |
|  | <b>h/a Koekie se Hoekie</b>                                |
| <b>By die volgende perseel:</b>  | Langverwachweg 1, Kuilsriver, 7580                         |
| <b>Erfnommer:</b>  | Erf 1512, Kuilsriver                                       |
| <b>Persone met 'n finansiële belang van 5% of meer in die besigheid:</b> | Cornelia Getruida van Zyl – Direkteur en 100% Aandeelhouer |
| <b>3. Naam van besigheid:</b>  | <b>West Coast on Main (Edms) Bpk, 2017/371233/07</b>       |
|  | <b>h/a Gallo's Portugese Taverna (Paarl)</b>               |
| <b>By die volgende perseel:</b>  | Hoofweg 377, Paarl, 7620                                   |
| <b>Erfnommer:</b>  | Erf 1186, Paarl  |
| <b>Persone met 'n finansiële belang van 5% of meer in die besigheid:</b> | Daniel Paulo De Almeida – Direkteur en 100% Aandeelhouer   |

## SKRIFTELIKE KOMMENTAAR EN BESWARE

Artikel 33 van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996 (hierna "die Wet" genoem) bepaal dat die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne (hierna "die Raad" genoem) die publiek moet vra om kommentaar te lewer op en/of besware aan te teken teen dobbellisensie-aansoek wat by die Raad ingedien word. Dobbelerwisaamhede word kragtens die Wet sowel as die Nasionale Wet op Dobbelary, 2004 gereuleer. Hierdie kennisgewing dien om lede van die publiek in kennis te stel dat hulle voor die sluitingsdatum by ondergemelde adres en kontakte beswaar kan aanteken teen en/of kommentaar kan lewer op bogenoemde aansoek. Aangesien gelisensieerde dobbelary 'n wettige besigheidsbedryf uitmaak, word morele besware ten gunste van of teen dobbelary nie deur die Raad oorweeg nie. 'n Beswaar wat bloot meld dat iemand teen dobbelary gekant is sonder veel staving sal nie gunstig oorweeg word nie. U word hiermee aangemoedig om die Wet te lees en meer inligting te verkry oor die Raad se magte en die aangeleenthede op grond waarvan besware ingedien kan word. Dit word in Artikel 28, 30, 31 en 35 van die Wet uitgestippel. Lede van die publiek kan 'n afskrif van die riglyne vir besware bekom, wat 'n gids is wat die werking verduidelik van die regsraamwerk wat die indiening van besware, openbare verhoor en die Raad se beoordelingsprosedures reguleer. Die riglyne vir besware is verkrygbaar op die Raad se webwerf by [www.wcgrb.co.za](http://www.wcgrb.co.za) en afskrifte kan ook op versoek beskikbaar gestel word. Die Raad sal alle kommentaar en besware oorweeg wat op of voor die sluitingsdatum tydens die beoordeling van die aansoek ingedien word. In die geval van skriftelike besware teen 'n aansoek moet die gronde waarop sodanige besware berus, verskaf word.

Waar kommentaar ten opsigte van 'n aansoek gegee word, moet volle besonderhede en feite om sodanige kommentaar te staaf, verskaf word. Die persoon wat die beswaar of kommentaar indien se naam, adres en telefoonnommer moet ook verstrek word. Kommentaar of besware moet die Raad nie later nie as **16:00 op Vrydag, 3 April 2020** bereik.

Ingevolge Regulasie 24(2) van die Nasionale Wedderyregulasies sal die Raad 'n publieke verhoor ten opsigte van 'n aansoek skeduleer slegs indien hy skriftelike besware ontvang met betrekking tot:

- (a) **die eerlikheid of geskiktheid vir lisensiering van enige van die persone wat met die bedrywighede van die betrokke besigheid gemoeid gaan wees, of**
- (b) **die geskiktheid van die voorgename perseel vir die uitvoering van dobbelarybedrywighede.**

Indien 'n openbare verhoor geskeduleer word, sal die datum van sodanige verhoor ongeveer 14 dae vóór die verhoordatum in hierdie publikasie geadverteer word.

Besware of kommentaar moet gestuur word aan die Hoof- Uitvoerende Beampte, Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne, Posbus 8175, Roggebaai 8012, of ingehandig word by die Hoof- Uitvoerende Beampte, Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne, Fairway-singel 100, Parow 7500 of per faks: 021 422 2603 of e-pos: [Objections.Licensing@wcgrb.co.za](mailto:Objections.Licensing@wcgrb.co.za)

## CEDERBERG MUNICIPALITY

**REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE CONDITIONS:  
ERF 432 CLANWILLIAM****CEDERBERG MUNICIPALITY BY-LAW RELATING TO  
MUNICIPAL LAND USE PLANNING**

Notice is hereby given in terms of Section 33(6) of the Cederberg Municipality: By-Law relating to Land Use Planning that Cederberg Municipality's Authorised Official, on application by the owner of Erf 432, CLANWILLIAM, on 12 January 2020 via decision number ERF432CLW removes conditions 3.(a), 3.(b), 3.(c) and 3.(d) contained in Certificate of Consolidated Title No. T2432 of 1954.

MN 29/2020

Mr H SLIMMERT,  
ACTING MUNICIPAL MANAGER,  
Municipal Offices, 2A Voortrekker Street, Clanwilliam, 8135

13 March 2020

20133

## MOSSEL BAY MUNICIPALITY

**MOSSEL BAY BY-LAW ON MUNICIPAL  
LAND USE PLANNING, 2015****CLOSURE OF ROAD ADJOINING ERVEN 761-763 & 914-915  
GROOT BRAK RIVER AND PORTION 4 OF THE  
FARM 129 MOSSEL BAY**

Notice is hereby given in terms of Section 45(1)(f) of the Mossel Bay By-Law on Municipal Land Use Planning, 2015, that the Municipality of Mossel Bay has permanently closed the Road adjoining Erven 761-763 and 914-915 Groot Brak River and Portion 4 of the Farm 129 Mossel Bay.

(Mos. B. 129 v.6 p162)

**ADV THYS GILIOMEE  
MUNICIPAL MANAGER**

13 March 2020

20134

## OVERSTRAND MUNICIPALITY

**REMOVAL OF RESTRICTIVE  
TITLE DEED CONDITIONS: ERF 2129, BETTY'S BAY  
OVERSTRAND MUNICIPALITY BY-LAW ON  
MUNICIPAL LAND USE PLANNING, 2015**

Notice is hereby given in terms of Section 35(1) of the Overstrand Municipality By-law on Municipal Land Use Planning, 2015, that the Municipal Planning Tribunal have removed Clauses D.I.(a), D.I.(b) and D.I.(c) as contained in Deed of Transfer T65399/1996 applicable to Erf 2129, Betty's Bay.

Municipal Manager, Overstrand Municipality, P.O. Box 20,  
**HERMANUS, 7200**

Municipal Notice: 35/2020

13 March 2020

20135

## CEDERBERG MUNISIPALITEIT

**OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDES:  
ERF 432 CLANWILLIAM****CEDERBERG MUNISIPALITEIT VERORDENING INSAKE  
MUNISIPALE GRONDGEBRUIKBEPLANNING**

Kennis word hiermee gegee in terme van Artikel 33(6) van die Cederberg Munisipaliteit: Verordening Insaake Munisipale Grondgebruikbeplanning dat Cederberg Munisipaliteit se Gemagtigde Beampte, op aansoek van die eienaar van Erf 432, CLANWILLIAM, op 12 Januarie 2020, via besluit nommer ERF432CLW, voorwaardes 3.(a), 3.(b), 3.(c) en 3.(d) in Sertifikaat van Verenigde Titel No. T2432 van 1954, verwyder.

MK 29/2020

Mnr. H SLIMMERT,  
WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER,  
Munisipale Kantore, Voortrekkerstraat 2A, Clanwilliam, 8135

13 Maart 2020

20133

## MOSSELBAAI MUNISIPALITEIT

**MOSSELBAAI VERORDENING OP MUNISIPALE  
GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 2015****SLUITING VAN PAD AANLIGGEND TOT ERWE 761-763 &  
914-915 GROOTBRAKRIVIER EN GEDEELTE 4 VAN  
PLAAS 129 MOSSELBAAI**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 45(1)(f) van die Mosselbaai Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015, dat die Munisipaliteit van Mosselbaai die Pad aanliggend tot Erwe 761-763 & 914-915 Grootbrakrivier en Gedeelte 4 van Plaas 129 Mosselbaai permanent gesluit het.

(Mos. B. 129 v.6 p162)

**ADV THYS GILIOMEE  
MUNISIPALE BESTUURDER**

13 Maart 2020

20134

## OVERSTRAND MUNISIPALITEIT

**OPHEFFING VAN BEPERKENDE  
TITELAKTEVOORWAARDES: ERF 2129, BETTIESBAAI  
OVERSTRAND MUNISIPALITEIT VERORDENING VIR  
MUNISIPALE GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 2015**

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikel 35(1) van die Overstrand Munisipaliteit Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015, dat die Munisipale Beplanningstribunaal Voorwaardes D.I.(a), D.I.(b) en D.I.(c) soos vervat in Titelakte T65399/1996 van toepassing op Erf 2129, Bettiesbaai, opgehef het.

Munisipale Bestuurder, Overstrand Munisipaliteit, Posbus 20,  
**HERMANUS, 7200**

Munisipale Kennisgewing: 35/2020

13 Maart 2020

20135

<p align="center"><b>The “Provincial Gazette” of the Western Cape</b></p>	<p align="center"><b>Die “Provinsiale Koerant” van die Wes-Kaap</b></p>
<p>appears every Friday, or if that day is a public holiday, on the last preceding working day.</p>	<p>verskyn elke Vrydag of, as die dag 'n openbare vakansiedag is, op die laaste vorige werkdag.</p>
<p align="center">—————</p> <p><b>Subscription Rates</b></p>	<p align="center">—————</p> <p><b>Tarief van Intekengelde</b></p>
<p>R342,00 per annum, throughout the Republic of South Africa.</p>	<p>R342,00 per jaar, in die Republiek van Suid-Afrika.</p>
<p>R342,00 + postage per annum, Foreign Countries.</p>	<p>R342,00 + posgeld per jaar, Buiteland.</p>
<p>Selling price per copy over the counter R19,00</p>	<p>Prys per eksemplaar oor die toonbank is R19,00</p>
<p>Selling price per copy through post R27,00</p>	<p>Prys per eksemplaar per pos is R27,00</p>
<p>Subscriptions are payable in advance.</p>	<p>Intekengeld moet vooruitbetaal word.</p>
<p><i>Single copies</i> are obtainable at 16th Floor, Atterbury House, 9 Riebeeck Street, Cape Town 8001.</p>	<p><i>Individuele eksemplare</i> is verkrygbaar by 16de Vloer, Atterbury House, Riebeeckstraat 9, Kaapstad 8001.</p>
<p align="center">—————</p> <p><b>Advertisement Tariff</b></p>	<p align="center">—————</p> <p><b>Advertensietarief</b></p>
<p>First insertion, R49,00 per cm, double column.</p>	<p>Eerste plasing, R49,00 per cm, dubbelkolom.</p>
<p>Fractions of cm are reckoned as a cm.</p>	<p>Gedeeltes van 'n cm word as een cm beskou.</p>
<p align="center">—————</p> <p>Notices must reach the Director-General not later than 10:00 on the last working day but one before the issue of the <i>Gazette</i>.</p>	<p align="center">—————</p> <p>Kennisgewings moet die Direkteur-generaal voor 10:00 op die voorlaaste werksdag voor die uitgawe van die <i>Koerant</i> bereik.</p>
<p>Whilst every effort will be made to ensure that notices are published as submitted and on the date desired, the Administration does not accept responsibility for errors, omissions, late publications or failure to publish.</p>	<p>Hoewel alle pogings aangewend sal word om te sorg dat kennisgewings soos ingedien en op die vereiste datum gepubliseer word, aanvaar die Administrasie nie verantwoordelikheid vir foute, weglatings, laat publikasies of versuim om dit te publiseer nie.</p>
<p>All correspondence must be addressed to the Director-General, PO Box 659, Cape Town 8000, and cheques, bank drafts, postal orders and money orders must be made payable to the Department of the Premier.</p>	<p>Alle briefwisseling moet aan die Direkteur-generaal, Posbus 659, Kaapstad 8000, gerig word en tjeks, bankwissels, posorders en poswissels moet aan die Departement van die Premier betaalbaar gemaak word.</p>